Brahman Inligtingsbrief November 2018

RAADSVERGADERING

19/20 November 2018

TE BLOEMFONTEIN, BRAHMAN KANTORE

Ons gee hiermee die volgende besluite en inligting aan u deur soos bespreek tydens die genoemde vergadering:

FINANSIES/PERSONEEL/REGSETIEK/ADMINISTRASIE

FINANSIES

Lidmaatskap en Heffingsgelde

Met die stygende kostes is die Genootskap ook genoodsaak om 'n verhoging in te bring vanaf 1 Maart 2019 op Heffings-en Lidmaatskapgelde. Jaarlikse verhoging van 10% sal in werking tree vanaf 1 Maart 2019, soos reeds bekragtig op die AJV 29 September 2018.

Van die Raad en die Kantoor wil ons elkeen van julle bedank vir julle bydrae op finansiële vlak, sodat ons die Ras vorentoe kan neem. Sonder julle gereëlde betalings, borgskappe, donasies en deelname sal die Genootskap nie voort kan bly staan nie. Ons weet tye is moeilik, maar ons waardering vir u een en elkeen se bydrae op so 'n mooi manier.

Belegging

Ons is bewus van die mark skommelinge, maar volgens die beleggingsadvies wat ons ontvang het, behou ons die belegging soos dit tans is. Die Liberty gedeelte van die belegging sal na Glacier geskuif word na die einde van die kontraktermyn, wat in Desember verstreke sal wees.

Raad

Sydney Hunt	President
Wayne Porter	Vise - President
Riaan Theron	
De Waal Nigrini	
Hans Terblanche	
Stephan Coetzee	
Corrie Labuschagne	
Willem Barnard	
Francois Pienaar	Gekoöpteer op finansiële komitee
Auldrich Spies	Gekoöpteerde raadslid as KZN Streeksverteenwoordiger
Miles Dicke	Gekoöpteerde raadslid op Rasverbeteringskomitee

KOMITEES

Opleiding:

Wayne Porter	Voorsitter
Corrie Labuschagne	Teleropleiding
Promosie:	
Willem Barnard	Voorsitter
Corrie Labuschagne	Voorsitter
DeWaal Nigrini	Digitaal
Miles Dicke	Digitaal
Skoue en Veilings:	
Stephan Coetzee	Voorsitter
Hans Terblanche	
Rasverbetering:	
Miles Dicke	Voorsitter
Wayne Porter	
Finansies /Administrasie:	
Riaan Theron	Voorsitter
Aulrich Spies	
Francois Pienaar	
Regs & Etiek	
DeWaal Nigrini	
Dagbestuur:	
Sydney Hunt	Voorsitter
Wayne Porter	
Riaan Theron	
DeWaal Nigrini	

Regs & Etiek

Tydens die onlangse algemene Raadsveragdring gehou te Howick het lede vir die eerste keer volmag aan ander telers verleen om namens hulle te stem.

Tydens die pas afgelope Raadsvergadering te Bloemfonten is besluit dat die Grondwet hersien behoort te word ten einde uiting te gee aan die wil van ons lede en duidelikheid te bewerkstellig mbt die volmag-kwessie.

Die Raad stel derhalwe voor dat die nodige wysigings aan die Grondwet voorgelê word tydens volgende jaar se Algemene Jaarvergadering wat dit duidelik sal stel dat alle stemgeregtigde lede by magte sal wees om volmag aan 'n ander teler of 'n derde party te verleen om namens sodanige lid vergaderings (insluitend die Algemene Jaarvergadering) by te woon en namens sodanige lid te stem en in die algemeen namens sodanige lid te handel. As deel van die proses sal die verwysing na sub-lidmaatskap deurgehaal word, aangesien dit in onbruik verval. Voorts sal voorgestel word dat geen verteenwoordiger meer as 3 lede mag verteenwoordig nie en dat alle sodanige volmagte die kantoor ten minste 7 kalender-dae voor sodanige vergadering moet bereik.

Die voorgenome wysigings doen geen afbreuk aan ander bepalings van die Grondwet wat verband hou met stemgeregtigheid nie.

BKB CAPE GATE (PTY) LTD VOERMOL FNB First National Bank KingPrice INSURANCE

Die geleentheid word gebruik om die Grondwet te hersien deur voorts onder andere 'n aantal definisies by te voeg ten einde duidelikheid te bewerkstellig.

Die Raad het voorts besluit om voor te stel dat die speenmassa-wegings verpligtend gemaak word.

Die voorgestelde wysigings sal na die Februarie 2019 Raadsvergadering aan alle lede gestuur word vir oorweging.

Handelsmerke
Die registrasie van die handelsmerke "Hump" en "The Complete Breed" is onderweg. Brahman SA mag reeds die simbool TM gebruik en na registrasie die simbool R.

Die moontlikheid sal ondersoek word om 'n nismark hiervoor te ontwikkel. Hump kry reeds groot aftrek in Australië.

PROMOSIE:

Die Promosietema vir 2019 sal weer die B-brand wees.

Bylaag 2019
Ons volstaan met ons aanvanklike plan van 7 bylaes. Bylaag 6, sal Augustus 2019 verskyn en bylaag 7 Augustus 2020. Die tema sal wees: **Die Braham en die Toekoms.**

STOCKFARM BRAHMAN UITGAWE
Ons is besig met onderhandelinge vir 'n Brahmanfokus Stockfarm in die omgewing van Mei 2019.

BRAHMAN JOERNAAL
Charmaine en Caria het weer hulle dienste aangebied om u as teler by te staan met die opmaak en ontwerp van 'n kudde-advertensie vir die Joernaal. Hulle sal u ook kan bystaan met die ontwerp van 'n kuddelogo, nader hulle vroegtydig om u logo te ontwerp. Caria kan bereik word by caria.vermaak@gmail.com of 051-8211783.

U as teler sal dan in 2019 genader word vir advertensies in die volgende gedrukte media-publikasies:

1. Brahman Joernaal **Maart 2019**
2. Brahmanfokus Stockfarm **Mei 2019**
3. Brahman Bylaag **Augustus 2019**
4. Brahman Joernaal **November / Desember 2019**

PRESIDENTSDINEE EN AJV
Die besluit was reeds geneem dat die Presidentsdinee en AJV, jaarliks in die streke moet roteer en 2019 is dit Limpopo se beurt. Daar is ook 'n voorstel aan die Raad voorgelê, dat ons 'n kongres saam met die Algemene Jaarvergadering en Presidentsdinee moet aanbied.

Daar bestaan regtig 'n behoefte by telers om meer tegniese en wetenskaplike inligting te bekom. Die behoefte sal ons deur so 'n seminaar aanspreek. Die Raad het dit so aanvaar en meer details volg later sodra die datums en plekke bevestig is.

Verder is die besluit geneem om die geleenthede as volg te roteer:
Noord-wes: 2020
Noord-Kaap: 2021

ANDER SKOUE
Goedkeuring is gegee deur die Raad dat 'n Genootskapgedrewe skou per jaar in streke aangebied word wat jaarliks sal roteer. Die skou wat goedgekeur is vir 2019 sal in Limpopo wees. Meer detail hieroor volg binnekort. Inligting oor die Parys skou sal ook later bekendgemaak word.

Ons doen 'n beroep op telers om ander skoue wat plaasvind te ondersteun en by te woon. Telers spandeer baie om diere te skou en ons weet dat elke Brahmanteler voordeel trek uit diere wat geskou word. Sien Brahman kalender vir Skoudatums www.brahman.co.za.

NASIONALE VEILING
Daar is nog nie 'n finale besluit oor die Nasionale Veiing gemaak vir 2019 nie. Sodra daar finale planne is, sal die telers ingelig word.

Ander veilingsreëlings
Dit word deur die Raad aanvaar dat ons 'n beroep op alle telers en klubs gaan doen om veilings onder die Beskerming van die Genootskap aan te bied. Dit gaan voornemende kopers net meer gemoedsrus gee dat slegs gekeurde diere op veilings aangebied word. Dit sal opsioneel wees en meer inligting volg later.

PROMOSIE-ITEMS
Van ons promosie-items sal van nou tot einde Desember op baie goeie spesiale aanbieding wees om telers die geleentheid te gee om die items aan te koop vir Kersgeskenke. Praat dringend met Karin by die kantoor (051-4464619) om dit betyds te bestel sodat dit gepos kan word voor die kantoor sluit 14 Desember 2018.

SOSIALE EN DIGITALE MEDIA

Digitaal
Die huidige projek met Lumico as diensverskaffer gaan voort tot einde Februarie 2019.

Die Raad beoog om uitnodigings te rig aan Lumico en ander verskaffers om tydens die Februarie 2019, Raadvergadering voorleggings te maak.

Ondertussen word aandag gegee aan die ontwikkeling van digitale telerspakette.

Alle telers word versoek om mooi fotos en videos, skou-uitslae, Fase D uitslae, inligting mbt boeredae, asook interessante artikels aan angelique@lumico.co.za te stuur. U bydrae sal waardeer word.

E-handel
Die "ecommerce site" is voltooi en u kan na willekeur artikels bestel. Al ons lede kan eweneens hul diere, semen en embrios op die webwerf bemark. Let daarop dat 2% kommissie aan die Genootskap betaalbaar is op die koopsom. Let ook op die terme en voorwaardes wat op alle transaksies van toepassing is.

RASVERBETERING

Rasverbetering se Missie
- Neem die Brahman Ras vorentoe in die eeu van Genomika
- Versamel relevante wetenskaplike data
- Moedig Prestasietoetsing aan
- Verbeter die vrugbaarheid van die Nasionale Kudde
- Verbeter die Brahman Ras deur inspeksie (keuring) en opleiding van Telers
- Opleiding van Kommersiële Produsente en Opkomende Boere

Rasverbetering wil graag u aandag op 'n paar ernstige aangeleenthede vestig, na aanleiding van die laaste vergadering op 19 November.

- Data Manipulasie – die aangeleentheid is bespreek deur Rasverbetering, waarna dit aan die Raad oorhandig is. 'n Insident van data manipulasie is onder ons aandag gebring, en beide Rasverbetering en die Raad beskou dit in 'n uiters ernstige lig. Ons verwys u na die Brahman Konstitusie, Verordening 13.2, met spesifieke verwysing na klousule 13.2.2, wat verklaar: *Die Raad mag die Kantoor versoek om die registrasie te kanselleer van 'n dier wat op die basis van vals of bedrieglike inligting geregistreer is, soos voorsien deur die eienaar.*
- Vrugbaarheidskansellasies – op die 1ste Oktober hierdie jaar, is 1106 vroulike diere gekanselleer deur die Kantoor, hierdie kansellasies het beide verse en koeie ingesluit. Neem kennis dat die herstel van vroulike diere gedoen kan word tot 15 Februarie 2019. In Maart 2019 sal 'n finale getal kansellasies gepubliseer word. Ons versoek u om geboorte kennisgewings en relevante data van alle aktiewe vroulike diere in te stuur om hulle reproduksie geskiedenis volledig te hou, anders sal die Genootskap verplig wees om vroulike diere wat nie voldoen nie, te kanselleer. *Vanaf 1 Maart 2019 sal die OEK van verse verlaag word na 43 maande.*
- Verpligte Ouerskap Bevestiging Toetse - Nominasies vir die 2019 Ouerskap Toetse is reeds goedgekeur deur die Rasverbeteringskomitee en versoeke is uitgestuur. Dit is ook vir ons aangenaam om aan te kondig dat die 2018 toetse suksesvol afgehandel is.
- Aanpassings tot die B-brand vereistes – die volgende aanpassings is gemaak tot die vereistes, effektief vanaf 1 Maart 2019:

Vir 'n dier om te kwalifiseer vir B-brand, moet aan die volgende minimum vereistes voldoen word -

1) Die Standaard van Voortreflikheid moet toegepas word.
2) Slegs bulle word gebrand met die "B".
3) Bulle moet geregistreer wees.
4) Bulle moet ouer as 24 maande wees.
5) Prestasietoetsing -

5.1) Maksimum TKP van die moeders van bulle wat gebrand sal word, is 550 dae.

5.2) Vanaf 2018 sal die minimum prestasie vereistes die indiening van 'n speengewig vir die jong bul wees (weeg van 80 tot 300 dae).

5.3) Vanaf 2019 moet bulle 'n Skrotum-omtrek meting op rekord hê (geneem van 300 tot 700 dae).

6) B-brand bulle mag voor 'n veiling afgekeur word op grond van veilingsgereedheid.

7) Keuring van bulle sal gedoen word deur Ras- of Senior Beoordelaars.

8) 'n Lys van bulle wat kwalifiseer om gebrand te word in terme van die bogenoemde vereistes sal deur die kantoor voorsien word. Bulle wat aangebied word vir keuring moet in 'n redelike goeie kondisie wees.

9) Tensy bulle aan die bogenoemde vereistes voldoen, sal hulle, in ooreeenstemming met die Keurkaart stelsel, nie kwalifiseer vir die B-brand nie.

10) Die inspeksiedatum sal op die sertifikaat gedruk word.

11) Die "B" brand proses is nie verpligtend nie.

Projekte en ander Inligting

Deelname aan prestasietoetsing – ons is dankbaar vir die inligting wat ons ontvang, en teenoor diegene wat dit versamel. Maar ons is terselfdertyd bekommerd dat baie van ons lede nog nie hierdie hulpmiddel gebruik in hulle teelprogramme nie. Volgens ons laaste analise, dien slegs 38.5% van ons lede enige tipe prestasie inligting in.

B-Brand – 'n dramatiese toename was sigbaar in bulle wat hierdie keuring geslaag het vanaf Junie 2018. 470 Bulle is gekeur van 27 lede, waarvan 8 nuwe lede was.



Genomiese Projek (BGP)

Na die afhandeling van die eerste fase is nog geen befondsing deur TIA goedgekeur nie, maar tydens 'n vergadering, geskeduleer vir 11 Desember, sal die uitslag van ons volgende aansoek bekend gemaak word. Indien dit nie suksesvol was nie, sal ons, ons eie pogings om data te versamel, herstruktureer en kyk na alternatiewe befondsing.

Huidige stand van Inligting (versamel van April 2015 tot Maart 2018)

Eienskap	**SA**	**NA**
Groei (BW, WW, YW, FW, MCW)	71012	37424
Vrugbaarheid (Dae tot Kalwing)	2894	3516
Vrugbaarheid (SKrotum-omtrek)	3465	2269
Karkas (skandering)	860	5072
Karkas (vleiskwaliteit)	128	98

Voerinname (RFI)	268 + historiese rekords (388)	550
Genotipes (SA & NA gekombineer tot huidig)	695 voor kwaliteit oudit (insluitende 192 wat nog voltooi moet word)	

RFI inligting is die naaste aan die doelwit-getal. Nog 'n bondel van 1561 historiese rekords is beskikbaar gestel vir opname. Indien suksesvol, sal ons in staat wees om die analise van Netto Voerinname aan te vra, en hoop ons om reeds gedurende 2019 BTWs hiervoor te publiseer.

'n Addisionele projek in die vorm van 'n Fase D toets is pas deur Limpopo lede afgesluit by die Bufland Toetssentrum naby Naboomspruit. Sewentig bulle is vir amper drie maande gevoer en ge-evalueer. Data sluit in gewigte, skandering en liggaamsmates.

Die opname van Vleiskwaliteit inligting stel ons voor 'n probleem, aangesien dit die slag van diere in kontemporêre groepe vereis, afgesien van die koste alleen. Ons wil dus vra dat u laat weet indien u diere na u slagpale stuur. Indien voldoende gegroepeer, gekoppel en geweeg/gemeet, sal ons dit graag wil gebruik om ons getalle in Vleiskwaliteit aan te vul.

Genotipering sal meer aandag geniet as ooit tevore. Die Raad het die implimentering van 'n module tot ons ILR2 stelsel goedgekeur, wat ons eie inligting sal huisves. Installasie sal gedoen word in April/Mei 2019. Inligting met betrekking tot monsterneming en toetse sal binnekort uitgestuur word. Wanneer ons, ons doelwit-getal vir genotipes bereik het, sal Breedplan die inligting evalueer. Indien die kwaliteit voldoende is, sal die produksie van Genotipies-ondersteunde Teelwaardes (GEBVs) begin.

"Kom ons sit almal skouer aan die wiel om ons Ras die beste te maak" – Wayne Porter

OPLEIDING

Teleropleiding:
Teleropleiding gaan weer een van ons hoofaksies wees wat gedryf gaan word in die onderskeie streke. Ons gaan poog om in alle streke Opleidingsdae te reël. Hierdie Opleiding is hoofsaaklik daarop gemik om ons telers te bemagtig om hulle kuddes beter ter bestuur, beter seleksies te maak op kuddevaars, die uitsoek van veilingsbeeste, teelmateriaal en die keuring van bulle vir "B" brand.

Die doel van Telersopleiding is verder ook om ons jonger en nuwe telers te ondersteun met die aankoop van hulle diere. Verder gaan ons ook baie hard daaraan werk om ons telers te ondersteun deur middel van die Teleropleiding om hulle eie kuddes te keur en die regte keuses te maak met die aankoop van diere.

Ons gaan ook gedurende die Opleidingssessies baie klem lê op die praktiese Rasverbeteringsaksies wat direk van toepassing is op ons kuddes. Baie klem sal gelê word op die waarde van metings, om dit deel te maak van die seleksie prosesse in plaas daarvan om slegs op visuele seleksie staat te maak.

Ons gaan verder daaraan aandag gee om die seleksie van kuddes te bou op al drie die ondersteuningspilare:

1. Meet/Weeg
2. Vlisueel
3. Stambome

Ons nooi ons Lede, Klubvoorsitter en Streeksverteenwoordigers om kontak te maak met Corrie Labuschagne - 082 8204710, Sietze Smit – 083 712 9965 of die Brahman kantoor – 051 446 4619 vir die reël van Opleidingsdae.

Opleiding:
Raad het goedgekeur dat as daar genoeg diere by 'n skou is, die heuphoogte gemeet sal word. Die eerste 5 skoue sal op proef wees sodat 'n grafiek opgestel kan word vir ouderdom en gewig, wat dan toegepas sal word.

Opleidingskursus en Beoordelaarskonferensie word gehou 25 – 27 Februarie 2019.

By alle skoue sal slegs die Kampioene in hulle onderskeie afdelings tydens Interras Beoordeling in die ring toegelaat word, bv. Kalfkampioen, Junior kampioen en Senior Kampioen.

Die Raad wil alle lede aanmoedig wat veilings aanbied om hulle diere te laat inspekteer deur die Beoordelaarspaneel, wat bestaan uit Ras- of Senior beoordelaars, Sietze Smit, ons Rasidrekteur of Jan Louw. Gewone tariewe is hier van toepassing. Dit is 'n poging om die kwaliteit van diere wat ons in die mark uitstuur, te verbeter.

Vir enige navrae kontak asseblief Wayne Porter by 082 821 9379 of Sietze Smit by 083 712 9965.

Algemeen

Die volgende Raadsvergadering word gehou op 11 & 12 Februarie 2019 by die BFN kantore.

Boodskap vanaf die President:
Mede-telers en vriende. Hiermee wil ek julle bedank vir 'n jaar waarin weereens soveel met ons land en ras gebeur het. Met al die stampe en stote wat ons as boere elke dag te doen het (elke dag), moet 'n mens murg in jou pype hê. Met die krag wat ons van Bo ontvang kan ons net elke dag dankie sê. Ek wil elkeen van julle bedank vir al julle opofferinge en samewerking om die Brahmanras te ondersteun en op julle harte te dra. Dis regtig 'n voorreg om saam met julle in die Brahmanbedryf te wees. Vanaf die Raad en kantoor se kant, wens ons aan elkeen van julle 'n Geseënde Kersfees toe en mag 2019 'n Voorspoedige en Suksesvolle jaar wees waarin elkeen van julle ook geseënd mag wees.

Sydney Hunt: President
Brahman Beestelersgenootskap van SA